LOURENSRIVIER GEMEENTE

Joh 12:24

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."

www.lourensrivier.co.za | Tel: 021 8535991

04 Februarie 2018

WELKOM BY ONS EREDIENS!

Diens: Ds Leopold van Huyssteen
5DE WEEK NA EPIFANIE
Fokusteks uit Leesrooster: 1 Kor 9:16-23
RCL tekste: Ps 147:1-20; Jes 40:21-31
Mark 1:29-39
Deurkollekte: Uitreikfonds

BELOFTELAND: 09h00-10h15

DINAMIET KIEDZ: 09h00-10h15

GROOTGROEP: 09h00 - 09h15
Onderskeie klassies: 09h15 - 10h15
Liesbet: Gr 7 in die "Gat

NAVRAE: Karin Kuys @ 083 643 0653

LIFELINE JEUG: Gr. 8 - 12
Constant @ 072 224 3267
JT @ 082 585 7578

KNIEWERK: Leopold vir Boodskap

- Ons bid vir die boere wat swaarkry, reën, ons waterkrisis asook vir vrede, eenheid, regverdigheid en eerlike leiers.
- Paul Louw vir gesondheid (kanker)
- Sannie le Roux by huis, maar bid asb vir gesondheid (kanker)
- Christa Olivier se suster steeds in hospitaal
- Jannie Fourie steeds in ICU
- Piet Nortje in hospitaal

Ons dank die Here vir:

- Tersia van Vuuren; operasie was suksesvol
- Annelien Volschenk terug by huis, operasie aan gebreekte enkel was suksesvol. Ons bid vir volkome en spoedige herstel.

DOOP:
Lia Brand
Ouers: Tertius & Danita
Hayley de Jongh
Ouers: Philip & Nadia

FOKUSTEKS: 1 Kor 9:16-23

Vers 16: "As ek die evangelie verkondig, is dit nie vir my 'n rede om te roem nie. Ek verkondig die evangelie omdat ek móét!" Paulus skrywe oor sy roeping om "*vir almal alles te word om in elke geval sommige te red*". Dan brei hy uit op sy passie in die lewe, om soveel mense as moontlik vir Christus te wen, en dat hy dit met alles in hom najaag, net soos 'n atleet op die baan of 'n bokser in die kryt. Sy roeping word breed uitgespel: vir Jode (wettiese mense), vir heidene (hy gebruik nie die woord nie, maar praat van mense wat sonder die wet lewe, wat die betekenis duidelik maak), en vir swakkes (vgl hfst 8 en Rom 14; 15). Trouens "vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red." Hy weet die evangelie kan nie af geforseer word in ander mense se kele nie. Let op dat Paulus nie sy eie menings en oortuigings prysgee nie, nooit die liefdesgebod van Christus verlaat nie, want hy beskryf homself as onder die wet van Christus, maar tog aangepas het by die mense wat hy op 'n gegewe tyd bedien, sodat hy iets vir hulle kan beteken, sodat hy sommige van hulle kan red. Soms het hy wel skerp verskil van mense ter wille van die evangelie. Geen wonder dat sy bediening en uiteindelik skryfwerk die hele Christelike wêreld beïnvloed het en steeds doen. ons Paulus se passie hê om vissers van mense te wees omdat Jesus se liefde ons daartoe dring!

KOM WORD DEEL VAN DIE HARTKLOP VAN ONS GEMEENTE!

Skakel in by onderstaande Gemeente-aksies of 'n Omgee/ Kleingroep (kontak Kerkkantoor , 021 853 5991)

HOU ASB IN GEDAGTE DAT DIT 'N JAAR-PROGRAM IS, DUS SAL DAAR ONDERLINGE REëLINGS WEES INDIEN DAAR AFWYKINGS IN TYE OF DATUMS IN DIE WEEK IS

MAANDAG:

19h00: Rapha Vrouegroep (elke 2de Ma.)
Jackie Strauss; 084 505 2908;
(Sien byeenkomsdatums in Gemeentegids)

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DINSDAG:

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool:
Module 2&3 **@ Konsistorie of Raadsaal.**

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

WOENSDAG:

08h00: Sr. Mannebyeenkoms @ Kleinsaal
Louis Steyn; 083 415 3031
09:00: Gebedsgroep in Moederskamer;
Riana van Huyssteen; 084 888 8614
09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool:
Module 1&4 **@ Konsistorie of Raadsaal.**
12h30: SNUFFELMARK @ Kerksaal
Elke laaste Wo. van maand
Skakel Kerkkantoor: 021 853 5991

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DONDERDAG:

08h00 Gebedskursus
Kontak: Annalie Botes @ 021 854 4620

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

VRYDAG:

05h30: Mannebyeenkoms @ Smiling Oven;
Nic Huisman; 082 552 2423
06h00: Mannebyeenkoms @ Konsistorie
Ds. Leopold
19h00: #espresso-jouself Koffiekroeg vir jong volwassenes **@ Kleinsaal (Broadway-kant)**
Pieter Mouton; 083 391 5507

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

MAT 18:20 "want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."

NUWE INTREKKERS?

Baie

by ons Gemeente!

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken waarna iemand in die Kerkkantoor jou sal kontak.

Die boekie is ook daar vir ENIGE IEMAND wat 'n besoek verlang, voorstelle, of gebedsversoek het.

Kom drink na die diens
'n heerlike koppie tee/koffie in die voorportaal saam met ons.

PRODUKTE WAT BENODIG WORD VIR DIE KOSKAS

ONTHOU produk (te) hoef nie meer as R20 te wees nie.....
ELKE BIETJIE HELP

(Gebruik mannasakke by deure of gee vir Wyk se Kosmandjie)

Pakkies Sop en sakkies sopmengsels
Blikkies Vis & Bief
Blikkies gemengde groente
Pakkies Soya Mince
2 Minute Noodles
Spaghetti & Macaroni
Klein pakkies suiker, koffie en tee
Poeiermelk & Boksies melk
Toiletpapier
Tandepasta, Seep, Sjampoe, Doekies
Skoonmaakmiddels

DIT WORD Sóóó WAARDEER!
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

IS DAAR DAE WAT JY **"AF"** VOEL?
KRY JY **SWAAR**?
SUKKEL JY OM GEESTELIK EN LIGGAAMLIK **STERK** TE BLY?
HET JY **GEBED** OF **BEMOEDIGING** NODIG?
ONS WIL JOU SÓ GRAAG BYSTAAN!

Kontak: Joubert van Tonder @ 082 949 2045

TERUGVOERING / GEBEDSVERHORING:
Ons wil baie graag ook weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid.
Hou ons asb op hoogte. Skakel kerkkantoor @ 021 853 5991

BELOFTEROLLE: Ons wil jou graag uitnooi om agter in die kerk 'n belofterol te neem. Dis gratis en deel van die Gebedsbediening. Dit kan ook as gebede gebruik word.

ACVV HUIS JAN SWART HOU WEER POTJIEKOSKOMPETISIE
as fondsinsamelingsprojek op 24 Februarie 2018. Enige belang-stellendes om 'n pot te kom maak, moet vir Henriette kontak. Tyd is vanaf 12:00 tot 17:00.
Die pot moet vir tien mense 'n porsie voorsien.
Baie dankie
H van der Merwe (Hoof: ACVV Huis Jan Swart) @ 021 854-3763

HUIS PAM BRINK/ESPERANZA VERSORGINGSDIENS VIR BEJAARDES

Verkiesing van nuwe Beheerraad:
Hiermee versoek ons enige *vrywillige* persoon wat sou belangstel om op die Beheerraad van hierdie BADISA program te dien, om die voorgeskrewe nominasievorm by mev Mulder van Huis Esperanza te kry. Tel. 854 7393 of E-pos: esperanza.admin@gmail.com
Ons benodig kundigheid op Finansiële gebied asook met Fondswerwing. Vorms moet voor/op 5 Maart 2018 om 13:00 by bogenoemde persoon ingehandig word.

Baie dankie by voorbaat.

Ons waardeer julle hulp en ondersteuning
Mev B Louw (Bestuurder)

GEMEENTEKALENDERS is beskikbaar by Kerkkantoor
Kontak 021 853 5991 indien jy nie kan kom haal nie.

Jy kan nou die **ZAPPER selfoon toepassing** as 'n addisionele manier vir Bankkollekte en Dankoffer bydraes gebruik. Laai die "APP" gratis af van jou selfoon se "app store" Jy sal van elke transaksie verwittig word deur Zapper.
Vir meer inligting of navrae:
Charlene @ 021 853 5991

DINAMIET KIEDZ: BRIEF VAN KINDERBEDIENINGSLEIER:

Liewe Ouers , baie welkom vir die nuwe jaar. Ons is opgewonde om weer terug te wees en beplan 'n wonderlike jaar by die Kinderkerk. Baie dankie vir julle vertroue en ondersteuning vir ons werk met u kinders. Belofteland en Dinamiet Kiedz is meer as net 'n plek om u kinders op te pas en besig te hou terwyl u rustig in die erediens sit. Ons is 'n volwaardige Bediening waar elke kind se geloofslewe vir ons belangrik is en waar ons hulle bedien met die Woord en waar hulle deur middel van leer en speel meer leer van Jesus en Sy liefde vir ons. Ons rus hulle toe om Jesus as hulle Redder aan te neem, om geestelik te groei en die boodskap aan ander oor te dra soos Jesus ons beveel het.

My wens en gebed vir ons kinderbediening is passievolle ouers vir Jesus en vir ons kinders asook genoeg passievolle groepleiers om hierdie belangrike werk te kan doen en aanhou doen. Ons benodig nog dringend ouers en/of jongmense wat gewillig is om ons te kom help. Ek belowe julle dit is die moeite werd om te belê in ons kinders se geloofslewe. Ons soek ook ouers/jongmense wat kunstig is om ons te help met die verfraaiing van ons lokale. As jy 'n kwas kan vashou of 'n blik verf wil skenk dan soek ons jou hulp asseblief. Ouers wat belangstel kan my kom sien na die erediens. Ons het jaarreekse die jaar vir elke graad met werkboekies wat ons in die klassies sal hou tot einde van jaar. Ons voorsien die nodige gratis opleiding, julle benodig net 'n gewillige hart.

Ons spasie is beperk en ons gaan beurte maak die jaar om in die saal ons (elke graad) speletjies op die mat te kom speel. Ons wil asseblief vir u vra om na die diens te gaan koffie drink (die Koffie&Teeskinkspan doen moeite vir lekker koffie/ tee) of asb. buite vir u kinders te wag. Dit is regtig steurend wanneer ons nog nie klaar is en ouers staan en lag en gesels in die saal, of kom haal die kinders voor die tyd. Kinders kan ons nie hoor nie en ons boodskap gaan verlore. Ons hou 10:15 op, maar indien 'n groepleier vroeg klaar maak sal hulle saggies die saal verlaat en buite gaan wag. U samewerking word baie waardeer.

Met die nuwe wetgewing moet ons nou u toestemming verkry om foto's/video wat op Sondae geneem word, op die Dinamiet Kiedz FB blad laai. Indien u nie 'n probleem daarmee het nie kan u asb 'n vrywaring (verkrygbaar by kerkkantoor of op D6 Communicator) teken en terugstuur vir ons rekords?

Ons nooi u vriendelik uit na ons ken-mekaar, (lekker koek en koffie) na die diens om mekaar te ontmoet en lekker te gesels.

Kontak ons gerus indien u enige vrae het.

Diensbaar vir Jesus, Karin Kuys (0836430653)